NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

blitspos

Jaargang 19 – Uitgawe 32

20 Augustus 2026

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Die plasing van teksadvertensies is gratis vir gemeentes. Advertensies met grafika beloop R350 per uitgawe. Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting en voorwaardes.

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

# Vriendelik is nie meer genoeg nie

**My eerste gewaarwording is dat die meeste gemeentes van ons Kerk vriendelike gemeentes is. Vriendelikheid is immers 'n sigbare uitdrukking van Christelike liefde. 'n Glimlag, 'n warm groet en 'n handdruk sê mos: *Jy is welkom*. Tog wonder ek al hoe meer of vriendelikheid alleen nog voldoende is.**

Hierdie gedagtes het weer by my opgekom nadat ek Thom Rainer se artikel *Why* '*Friendly Church*' *is no longer enough* gelees het. Sy waarnemings het my laat terugdink aan my eie bediening in die Hervormde Kerk, asook aan die baie gemeentes waar ek oor die afgelope jare die voorreg gehad het om fasilitering, toerusting en begeleiding te doen. Ek ontmoet oral vriendelike gemeentes. Tog sien ek dat net vriendelikheid nie meer mense help om deel van 'n geloofsgemeenskap te word nie. Gasvryheid alleen nooi mense nie meer om deel te word van ons gemeente nie.

Die kerk is immers nie geroep om net vriendelik te wees nie; die kerk is geroep om Christus sigbaar te maak. Daarom soek mense vandag meer as net hoflikheid. Hulle soek egte verhoudings. Hulle verwag nie volmaakte gasvryheid nie, maar opregte belangstelling. Hulle wil nie net gegroet word nie; hulle wil geken word.

Veral jonger mense kom met ander vrae as dié waaraan baie gemeentes gewoond geraak het. Hulle wil weet waarvoor 'n gemeente staan. Hulle vra hoe die gemeente die evangelie uitleef te midde van vrae oor die verskille tussen generasies, die waardigheid van vroue en mans, politieke geregtigheid, ekologiese verantwoordelikheid en verhoudings tussen mense van dieselfde geslag. Hulle verwag nie dat almal dieselfde antwoorde sal hê nie, maar hulle wil weet of daar ruimte is vir eerlike gesprekke waarin die Woord van God ernstig geneem word en mense met respek behandel word. Wanneer die Woord van God ernstig opgeneem word, beteken dit nie dat die Bybel sonder meer letterlik gelees moet word nie.

Nog voordat besoekers die prediking beoordeel, vra hulle stilweg: *Sien ek mense soos ek? Sal my menswees hier verstaan word en met genade ontvang word? Kan ek hier geestelik groei?* Hierdie vrae gaan nie oor voorkeure nie, dit gaan oor behoort. Mense verlang na 'n geloofsgemeenskap waar voorgee nie 'n voorwaarde vir aanvaarding is nie.

Uiteindelik draai alles om verhoudings – kerngesonde verhoudings. Verhoudings waarin Christus sigbaar word. Ons Hervormde tradisie het nog altyd beklemtoon dat die kerk 'n geloofsgemeenskap rondom Woord en sakrament is. Maar juis daarom kan ons nooit die gemeenskap van die gelowiges van die bediening van die Woord losmaak nie. Waar die evangelie gehoor word, behoort God se liefde ook beleef te word. Die waarheid van die evangelie word geloofwaardig wanneer mense dit met oop harte geleef word.

Die eerste Christene is *mense van die Weg* genoem. Hulle het nie bloot 'n leer verkondig nie; hulle het 'n manier van leef verteenwoordig. Miskien is dit vandag weer ons uitdaging. Mense soek na die ware Weg van Christus, maar hulle kyk ook na hoe ons ons daaglikse weg bewandel – hoe ons leef, luister, ontvang, dien en liefhet. Ons getuienis lê nie net in wat ons bely nie, maar ook in hoe ons met alle mense op ons pad omgaan.

Vriendelikheid bly belangrik. Ons moet dit nooit verloor nie. Maar vriendelikheid is nie meer genoeg nie. Ons roeping is groter. Ons is geroep om ruimtes te skep waar God se liefde sigbaar word, waar mense ontdek dat hulle behoort, waar geloof kan groei en waar besoekers saam met ons leer om Jesus Christus op die Weg te volg. Dít is die gasvryheid waartoe die evangelie ons roep.

**Dr Hannes Janse van Rensburg**
**(SGB/Zuurfontein)**

# Lief en leed



Mev Mieke Papp



Dr Christo Viljoen

- Hartlike gelukwense aan **mev Mieke Papp** met haar **98ste verjaarsdag,** wat sy op 11 Augustus gevier het. Sy is tans een van die oudste lede van die Eendrachtkring.

- Die Kerk wens **dr Christo Viljoen** (emeritus) geluk met sy **94ste verjaarsdag** op 19 Augustus. Dr Viljoen is een van die oudste predikante in die Kerk.

- **Die volgende predikante verjaar tot 28 Augustus. Die Kerk wens u 'n geseënde lewensjaar toe.**
  - Woensdag 19 Augustus: Dr CJ (Christo) Viljoen (emeritus),<br>di HF (Hennie) la Grange<br>(emeritus/Kampersrus Hoedspruit), en<br>JD (John) Putter (emeritus)
  - Donderdag 20 Augustus: Di Y (Yvette) Scholtz (Meyerton), en<br>MM (Marike) van der Merwe (nie-diensdoende)
  - Saterdag 22 Augustus: Ds WH (William) Harmse (Alberton-Wes)
  - Woensdag 26 Augustus: Dr C (Chris) le Roux (emeritus/Stellenbosch),<br>di I (Iwana) Kruger (Pretoria-Oos/NHKA-joernalis), en<br>JJ (Joseph) Steÿn (Klerksdorp-Suid)
  - Donderdag 27 Augustus: Prof JH (Johan) Koekemoer (emeritus)

# Vergaderings

- Vrydag 21 Augustus: Raad van Finansies
- Donderdag 27 Augustus: NHKA Pensioenfonds<br>SSF NHKA Bestuursforum

# Gemeentes en bediening

- Enige saak wat volgens die Kerkorde onder die aandag van die **Kommissie van die AKV** gebring moet word, moet asseblief **teen 24 Augustus** aan mev Karen Breedt (**karen@nhk.co.za**) vir die vergadering van **3 en 4 September** gestuur word. **Geen laat sake** sal in die agenda opgeneem word nie.



Ds Louizé de Beer

- **Ds L (Louizé) de Beer** se **bevestiging** by Gemeente Wonderboompoort vind op **4 Oktober** plaas.

# Werkgeleenthede

- **Bedieningsruimte: Gemeente Panorama** wat uit gemeentes Witrivier, Sabie en Hazyview saamgesmelt het, nooi aansoeke van gelegitimeerde en geëmeriteerde predikante van die NHKA om 'n deeltydse bedieningsruimte te vul.

  **Die bedieningsopdrag:**<br>Die beroepe predikant sal verantwoordelik wees vir die bediening van die drie bedieningspunte, naamlik Witrivier, Sabie en Hazyview. Die bediening geskied tans soos volg: twee eredienste elke Sondag, een diens word in Witrivier gehou, en die ander diens word afwissellend tussen Sabie en Hazyview gehou, met lewendige stroming tussen Sabie en Hazyview.

  **Vir verdere inligting:**<br>Kontak gerus vir ds Willem Breytenbach by 083 701 9852 of Jurie Snyman by 013 750 1070 vir meer inligting. Aansoeke, vergesel van 'n volledige CV, moet aan ds Breytenbach by **willem.breytenbach@outlook.com** gestuur word.

  **Die sluitingsdatum** vir aansoeke is **30 September 2026**. Kandidate op die kortlys sal versoek word om 'n erediens by die Witrivier-bedieningspunt te lei.







## Kerklike en ander publikasies

- Die **Kerkkalender vir 2027** wat die afdeling Kerklike Kommunikasie vir gebruik in ons gemeentes voorberei het, is ***hier*** op die Kerk se webblad beskikbaar. Kry die kalender ***hier*** en die kalendervoorblad ***hier***. Die kalender bevat inligting oor die kerklike feesdae, openbare vakansiedae, skooltermyne en spesiale geleenthede wat vir die hele Hervormde Kerk van belang is. Gemeentes kan hul eie gemeenteprogram daarop invul en die kalender in gedrukte formaat of elektronies onder hul lidmate versprei. U kan ook die Kerklike feesdae ***hier*** aflaai.

- In die **Augustus 2026-uitgawe** van ***Die Christelike Vrou*** beskryf **ds Hannelie Botha** die fisiese en geestelike verandering in *Wanneer winter plek maak vir lente.* **Ds Anel Boshoff,** Gemeente Welkom/ Kroonstad/Odendaalsrus, reflekteer oor die pastorale inslag met betrekking tot verskeie tipes geestesgesondheidstoestande in *Verdrink*. **Daleen Gouws,** mediaverteenwoordiger van Ons Tuis, deel die liefdesverhaal van twee inwoners van Ons Tuis Piet Potgieter in *Toe die liefde weer kom aanklop*. **Tessa Oppermann** van Gemeente Rooihuiskraal, bied taalwenke in deel 9 van haar reeks *Praktiese Afrikaans: Genoeg of te veel* aan. Volg die skakel ***hier*** na ons NHSV-publikasies.







## Kom kyk en luister saam

- Die *Bybelse Dagboek* se **dagstukkie** is nou ook op ’n Donderdag in **videoformaat** op sosiale media beskikbaar. Kyk gerus ***hier*** saam na die afgelope week se plasing. Onthou ook dat die dagstukkie daagliks op Facebook in teksvorm gedeel word.

- Ons weeklikse **Blitsflits** word aangebied deur Albert Matthysen. Klik ***hier*** vir die weergawe. Nuwe weergawes verskyn elke Vrydag en is op sosiale media en YouTube beskikbaar.

## ’n Gedagte

**God die digter**


daar is meer poësie in die sneeuvlokkie
as in die letterkunde en baie meer poësie
in die miskruier in die toktokkie
in die meteorologie en entomologie
in die moremis en in die bergpiek
die horison wat in die hemel wegraak
in die rooswolk is daar baie meer liriek
die aarde is deur ’n digter gemaak

**TT Cloete**
https://maroelamedia.co.za/afrikaans/gedigte/gedig-god-die-digter/

## Fondsinsamelings en Kerksake

- **Vertel ons asseblief van geleenthede by jul gemeentes**. Stuur asseblief die besonderhede na: **taal@nhk.co.za**.

| | |
|---|---|
| 21 Augustus vanaf 17:00 | **Gemeente Pretoria-Oos: Steve onder die sterre.** Kom ondersteun hierdie fondsinsamelingsprojek vir die **diens en herstel van die orrel**. Koste: R200 per volwassene of R500 per gesin. Die aand gaan die vorm van 'n **mini-basaar** aanneem. **Kaartjies** is beskikbaar by die kerkkantoor by 012 460 8441. Bring asseblief jul eie **kampstoele**. |
| 22 Augustus vanaf 14:00 | **Gemeente Outjo en Otjiwarongo: Kom speel saam met ons naggholf en geniet ons basaar.** Die naggholf begin 14:00 met nege putjies, gevolg deur aandete en 'n verdere nege putjies. By die basaar is daar onder andere heerlike pannekoek, biltong en stalletjies. Vir meer inligting, **kontak** Sunet Hayward by 081 224 1717, Tony by 081 213 3720 of Elsebie by 081 229 6490. |
| 28 Augustus 19:00 | **Gemeente Schoemansdal: Magda Louw en haar Erhard** kom kuier met hul vertoning ***How Louw can you go?*** Kaartjies kos R220 per persoon en is beskikbaar by **Lezl by die kantoor** by 012 253 0146. Dit is 'n **fondsinsamelingsprojek ten bate van die NHSV**. |
| 29 Augustus vanaf 07:30 tot 14:30 | **Gemeente Witfontein Delwersfees:** Jy word uitgenooi om Gemeente Witfontein se 23ste Delwersfees by NHK Witfontein (Stasiestraat 750, Pretoria-Noord) te kom ervaar. Kom delf saam met ons op soek na R43 000 se kontantpryse. Sertifikate teen R25 elk, wat jou in staat stel om te delf, kan ***hier*** gekoop word. Daar sal ook heerlike basaarkos en sommer baie vermaak wees vir 'n gesellige saamkuier. Kom vroeg vir die Pelgrimsontbyt. Kom geniet al die vars gebak en vars produkte. Daar is 'n massiewe pretpark vir die kinders en die Witfontein Stasiestraat Junction-treintjie sal groot vermaak verskaf. Om 11:00 is daar 'n Hannon *Make Over Roadshow* teen R150. **Kontak vir ds Jimmy by 083 254 4771 of ds Janine by 083 260 0983 vir meer inligting.** |
| 29 Augustus vanaf 08:00 tot 15:00 | **Gemeente Ventersdorp** bied 'n **4x4-dag en basaar** aan. Dit vind by die Trimpark te Ventersdorp plaas. Kom geniet 'n dag vol avontuur en plesier met 4x4-uitdagings en heerlike eetgoed, soos sosaties (soos net Ventersdorp dit kan maak!), boerewors, jaffels, pannekoek, sampioen/worsie op 'n stokkie en biltong. Daar sal ook iets te drinke wees, en natuurlik aktiwiteite vir kinders en stalletjies vir mamma en pappa. Die **toegangsfooi** vir volwassenes en hoërskoolkinders is R40 en R10 vir laerskoolkinders. Inskrywingsfooi vir die 4x4-baan is R300, maar diegene wat vroegtydig inskryf, betaal net R250! Kom kyk hoe die 4x4-bestuurders die hindernisse baasraak of selfs geblinddoek die baan aanpak! Moenie dié dag misloop nie! **Skakel vir Christelle by 078 463 7434** vir meer inligting. |
| Sluitingsdatum: 30 September | **Gemeente Dullstroom:** Koop 'n **lootjie** teen R100 en staan 'n kans om **een van drie vakansies** te wen. Kaartjies kan by die gemeente gekoop word deur die bedrag in die gemeente se bankrekening in te betaal. Bankbesonderhede: FNB, rekeningnommer: 62049581516. Gebruik asseblief u naam as verwysing. **Bewys van betaling** moet aan Hannetjie by 082 839 5669 gestuur word om u **kaartjienommer** te ontvang. |
| 24 Oktober | **Gemeente Kempton Park-Oos: Bikes & Beatles-basaar.** Kom deel, verkoop en geniet 'n fantastiese dag vol pret vir die hele gesin. Kontak **ds Anneline by 082 924 7344** vir meer inligting. |



## Barmhartigheid

- Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting oor **seniorbehuising en -versorging**.

### Gebed vir die week

Mag, Heer, u seën oor ons stroom
soos sagte reën;
mag u hand ons uitred en bewaar.
Mag ons u goedheid
elke dag opnuut ervaar;
mag ons lewens uit dankbaarheid
U loof en eer,
dat die wêreld kan weet dat U regeer.
Amen.

**VONKK 87**

Redakteur: Ds David Barnard
Subredakteur: Ds Mariët Robbertze
Koördineerder: Mej Sanet du Plessis
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk
Joernalis: Ds Iwana Kruger